**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

DURF AAN EN VOLHARD

# LAERSKOOL KRUGERPARK DWELMBELEID

## 1. Inleiding

Laerskool Krugerpark streef na uitnemendheid en ons einddoel bly altyd dat dit wat ons doen uiteindelik ten goede moet inwerk op die jongmense binne ons sorg, ons besef ook dat ons relevant moet bly en kan aanpas by veranderde tye en omstandighede.

In die lig hiervan aanvaar ons dat:

- Ons deel is van 'n groter gemeenskap;
- Ons in vennootskap is met ouers/voogde om die beste vir hulle kinders te verseker;
- 'n wye verskeidenheid afhanklikheidsvormende dwelm middels beide wettig en onwettig binne ons gemeenskap beskikbaar is;
- ons kinders, deur verskeie kanale, blootgestel is aan sodanige middels;
- ons kinders, ouers en onderwysers nie altyd oor genoegsame inligting beskik nie;
- dwelmmisbruik skadelik is vir die mens op verskeie vlakke (bv. sosiaal, psigies, fisies, geestelik);
- ons, ons kinders moet toerus sodat hulle minder kwesbaar is vir dwelmmisbruik en meer vaardig is om die lewe met sy eise te hanteer.

Laerskool Krugerpark aanvaar die uitdaging en neem standpunt in dat dwelmmisbruik 'n onaanvaarbare praktyk is en dat die konsep van 'n gesonde, dwelmvrye lewe ten alle tye gepropageer en aangemoedig sal word.  Aangesien ons ook realisties is, is dit ook ons beleid om nie verdoemend op te tree, maar ook diegene van leerlinge, wat wel hulp nodig het in die verband, behulpsaam te wees sonder om noodwendig hulle skoolloopbaan in gevaar te stel.

In gevalle waar leerlinge en ouers nie van aangebode hulp gebruik wil maak nie, sal die skool egter geen ander keuse hê as om met die nodige stappe te begin om so 'n leerder permanent uit die skool te verwyder nie.

## 2. Beleid ten opsigte van voorkoming:

- Ondertekening van die beleidsdokument is 'n voorvereiste vir toelating tot die skool.
- Die skool onderneem om, op 'n jaarlikse basis:
  - Voorkomings- en inligtingsessies aan al die leerlinge te bied;
  - Inligting en opleiding aan die onderwysers beskikbaar te stel;
  - Buite organisasies- en individue as deel van die spanbenadering as konsultante te betrek waar nodig;
  - Die beleid te evalueer en aan te pas indien nodig;

- 'n gesonde, dwelmvrye lewe met woord en daad te ondersteun.
- Die skool onderneem om 'n Leerlingbystandprogram (LBP) te ontwikkel en te implementeer.

3. **Beleid ten opsigte van gebruik:**

Die gebruik van enige gewoontevormende middels, sonder doktersvoorskrif, is STRENG VERBODE:

- Gedurende skooltye;
- Op skoolterrein;
- In skooldrag;
- Tydens buitemuurse aktiwiteite op skoolgronde, kampe, sporttoere, sportbyeenkomste, sokkies, ens.

**LET WEL:**

Die skool behou die reg voor om op te tree volgens beleid en die prosedure indien 'n leerling se dwelmmisbruik buite skoolverband, sy/haar prestasie, gedrag, bywoning ens. beïnvloed.

4. **Beleid ten opsigte van handeldryf:**

Handeldryf in dwelm middels gedurende skoolure, op die skoolterrein, in skooldrag en tydens buitemuurse aktiwiteite op skoolgronde, kampe, sporttoere, sportbyeenkomste, sokkies, ens. is STRENG VERBODE.

**LET WEL:**

Handeldryf in verbode middels is 'n oortreding van die wet en dus 'n kriminele oortreding. Indien enige leerling betrap word/verdink word sal ondersoek ingestel word en indien nodig na die SAPD verwys word waarna normale wetlike prosedure sal volg.

5. **Beleid ten opsigte van optrede deur die skool (soos beliggaam in bestuursraad, hoof en personeel) indien vermoed word dat 'n leerder dwelms gebruik).**

- Elke saak sal op meriete binne die raamwerk van die beleid en prosedure gehanteer word.
- Elke geval sal VERTROULIK gehanteer word maar ouers/voogde moet geken en betrek word in die saak.
- Enkele simptome, gerugte ens. sal nie op sigself as aanduiding gebruik word nie maar 'n patroon van objektiewe aanduiding (bv. afname in skoolprestasie, afname in deelname aan aktiwiteite, veranderde gedrag, ongereelde skoolbywoning) sal gebruik word.
- Gerugte, met ondersteunende getuienis, sal ondersoek word.
- Ouers sal versoek word om leerder te neem vir 'n dwelmtoets. (Koste sal deur die ouer gedra word).

LET WEL:

Hierdie is nie 'n proses van viktimisering nie maar wel 'n eerlike poging om 'n kind in krisis op 'n vroeë stadium te identifiseer.

- Indien uitslag positief is sal:
  - Geselekteerde personeel, wat spesifiek opgelei is in die verband, sal die ondersoeke hanteer. Waar nodig sal kundige hulp van buite ingeroep word.
  - Leerlinge verwys word na geïdentifiseerde bronne vir assessering en behandeling. Ouers/voogde sal aanspreeklik gehou word vir die kostes verbonde hieraan.
  - Die leerling nie toegelaat word om die skool by te woon terwyl hy/sy die rehabilitasieprogram volg:
  - Daar 'n verbetering in die leerling se prestasie, gedrag en skoolbywoning vereis word.
  - Ouers/voog goedkeuring moet verleen dat die behandelinginstansie/persoon vorderingsverslae aan die skool kan lewer.
  - Ouers/voog en/of leerder wat self besluit om behandeling te staak, aanvaar dat die skool, die kontrak sal opskort en sodanige leerder dan die skool sal verlaat.
  - Die kind na afloop van die rehabilitasieprogram hertoets word - indien steeds positief sal ouers die kind vrywillig uit die skool neem of dissiplinêre optrede sal deur die skool begin word.

- Indien uitslag negatief is sal:
  - Indien die oorspronklike toets of hertoets negatief is sal geselekteerde personeel 'n bepaalde program met die betrokke leerder deurloop oor groepsdruk, keuse van vriende, ens.

Geteken te ______________________ op hierdie _____ dag van _________________________

________________________                                   ___________________________

Beheerliggaamvoorsitter                                   Hoof: Laerskool Krugerpark

LAERSKOOL KRUGERPARK

# OMSKRYWING VAN TERME EN KONSEPTE

**Wat is 'n dwelmmiddel?**

Dit is 'n stof wat uit natuurlike of sintetiese bronne verkry word en fisiologiese veranderings meebring.

**Wat is gebruik en wat is misbruik van dwelmmiddels?**

As 'n dwelmmiddel onder mediese toesig gebruik word, is dit bedoel om die liggaam met sy natuurlike genesingsproses te help. Wanneer ons egter van dwelmmisbruik praat, is ons hoofsaaklik gemoeid met daardie dwelmmiddels wat ernstige verandering in gevoel, persepsie en bui teweegbring as gevolg van die psigoaktiewe (bui veranderde) agent in die middel (bv. alkohol is 'n psigoaktiewe agent in bier, brandewyn en wyn). Hierdie dwelmmiddels kan wettig of onwettig, maklik of moeilik bekombaar, sosiaal aanvaarbaar of onaanvaarbaar wees. Die probleem lê nie noodwendig by die middel nie, maar by die wyse van gebruik - te veel, vir die verkeerde rede, op die verkeerde tyd/plek - en dan word dit misbruik. Die primêre rede vir eksperimentering lê dan ook in gevoel/bui/emosie/gewaarwording wat verander - mense gebruik dit vir effek (die uitwerking wat dit op hulle het). Ongelukkig word die aard van die middel miskien asook die sogenaamde beheer wat 'n persoon kan uitoefen, want ons het hier te doen met 'n potensiaal verslawende dwelmmiddel waar die beheer wat die persoon uitoefen, mettertyd deur die middel oorgeneem word (die verslawingsproses).

**Wat beteken afhanklikheid van 'n dwelmmiddel?**

Afhanklikheid kan fisies en/of psigies (sielkundig) van aard wees. Fisiese afhanklikheid ontwikkel met die gereelde en herhaaldelike gebruik van sekere dwelmmiddels. Die liggaam verander self om aan te pas by die teenwoordigheid van die dwelmmiddel en reageer wanneer die middel onttrek word. Voortgesette weerhouding van die dwelmmiddel lei tot onttrekkingsimptome wat in hewigheid kan wissel van matig tot akuut. Sielkundige (psigiese) afhanklikheid ontwikkel wanneer die gebruiker al hoe meer emosioneel betrokke raak by die uitwerking van die middel - veral wanneer die middel juis dit doen wat die gebruiker verlang (bv. ontspanning, kalmering, stimulasie, ens.).

Geteken te ______________________ op hierdie _____ dag van _________________________

________________________ ___________________________

Beheerliggaamvoorsitter Hoof: Laerskool Krugerpark